AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

# SCHUMPETERIAANSE ENTREPRENEURSKAP IN DIE LANDBOU-SEKTOR VAN DIE NUWE SUID-AFRIKA

S J Terreblanche
*Departement Ekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch*

**Abstract**

Schumpeter claims that the entrepreneur - who occasionally succeeds with a new bundle of innovations to set a process of Creative Destruction in motion - is in effect responsible for the dynamic character of capitalism. He was, nonetheless, of the opinion that entrepreneurial capitalism cannot survive its own success because it produced by virtue of its very success social and cultural by-products which will create circumstances that in the long run will not be conducive to providing that kind of protection, support and acknowledgement the entrepreneur needs. Because of the rise of large-scale corporative enterprises, the agricultural sector is today one of the few sectors in which the business form of owner-entrepreneur is still commonly in use. South Africa is at present experiencing a powershift toward a new dispensation. In the next 10 or 20 years a pluralistic network of power blocks must be brought about with the capacity to have a countervailing effect on one another. If this can be accomplished it will not only give structure and stability to the situation, but can also create CIRCUMSTANCES that will be conducive to the deployment of Schumpeterian entrepreneurship in the agricultural sector. Even if such favourable conditions could be created for agriculture, it will still demand high standards of resourcefulness, adaptability and farsightedness of the entrepreneur if he really wants to succeed.

**Uittreksel**

Schumpeter beweer dat die entrepreneur - wat telkens met 'n bondel innovasies slaag wat 'n proses van Skeppende Vernietiging tot gevolg het - vir die dinamiese karakter van kapitalisme verantwoordelik is. Hy was nogtans van mening dat entrepreneurskapitalisme nie sy eie sukses sal kan oorleef nie omdat kapitalisme in sy segetog sosiale en kulturele newe-effekte sal hê wat mettertyd omstandighede sal "skep" wat nie meer aan die entrepreneurs die nodige beskerming, ondersteuning en erkenning sal kan verleen nie. Vanweë die opkoms van grootskaalse semi-monopolistiese ondernemings is die landbousektor een van die min sektore waar die besigheidsvorm van eienaar-entrepreneur nog vry algemeen voorkom. 'n Mens sou dus landbou-entrepreneurskap in Schumpeteriaanse terme kon interpreteer. Suid-Afrika verkeer op die oomblik in 'n Powershift na 'n nuwe bedeling. In die volgende 10 tot 20 jaar sal 'n pluralistiese netwerk van magsblokke tot stand moet kom wat hopelik 'n balanseerende effek op mekaar sal uitoefen. Indien dit gebeur sal dit nie alleen struktuur en stabiliteit aan die situasie verleen nie, maar kan dit ook OMSTANDIGHEDE skep wat gunstig vir die ontplooiing van Schumpeteriaanse entrepreneurskap in die landbousektor kan wees. Selfs al word sodanige gunstige omstandighede vir die landbou geskep, sal dit nogtans hoë eise van vindingrykheid, aanpasbaarheid en versiendheid aan die entrepreneur stel indien hy werklik wil slaag.

## 1. Entrepreneurskap, innovasies en skeppende vernietiging

Joseph Alios Schumpeter (1883 - 1950) was 'n Oostenryk-Amerikaanse ekonoom wat beroemdheid verwerf het omdat hy reeds in 1912 die dinamiese karakter van die kapitalistiese ekonomie beklemtoon het en daarmee die essensieël statiese karakter van die Walras-Pareto-model - waarop die Neo-Klassieke benadering gebaseer is - van sy onrealistiese statiese karakter bevry het.

Hy het in sy ekonomiese denke volhard in sy bewondering vir die Walras-Pareto-model oor sirkulêre vloei. Hy het Walras se formulering van die Algemene Ewewig as 'n Newtoniaanse prestasie in die ekonomie beskou. Schumpeter was van mening dat hy met sy idee van "innovasies" nie alleen 'n voldoende teorie verskaf het om die Walras-Pareto-model te "dinamiseer" en só die dinamiese gang van die ekonomie te verklaar nie, maar dat hy daarmee ook 'n voldoende teorie verskaf het om sikliese verloop van die ekonomie te verklaar. Hy was byna dogmaties in sy geloof dat niks die Walrasiaanse neiging na Algemene Ewewig mag versteur nie, behalwe die suksesvolle entrepreneur wat met innovasies slaag en 'n proses van Skeppende Vernietiging aan die gang sit. Sy byna obsessionele teenkanting teen owerheidsinmenging was waarskynlik nie soseer 'n oorblyfsel van 19de eeuse Laissez-faire liberalisme nie, as wat dit 'n oortuiging was wat uit sy bewondering van die Walrasiaanse sirkulêre model voortgespruit het.

Volgens Schumpeter is die ridderlike, verbeeldingryke en waaghalsige (kleinskaalse) entrepreneur dié faktor wat vir die dinamiese gang en die groeikrag van entrepreneurskapitalisme (in die 50 jaar vóór die Eerste Wêreldoorlog) verantwoordelik was. Volgens hom is die tipiese kapitalistiese entrepreneur nie alleen vir die SUKSES van kapitalisme verantwoordelik nie, maar sal die entrepreneur ook indirek vir die ONDERGANG van kapitalisme verantwoordelik wees. Hy beweer dat entrepreneurskapitalisme in sy segetog mettertyd sosiaale en kulturele omstandighede sal skep wat nie meer die entrepreneur in baanbrekerswerk na wense sal "ondersteun", sal "beskerm" en reg na waarde sal skat nie. Wanneer die kapitalistiese beskawing daardie fase bereik waar die entrepreneur oorbodig word, of nie meer kultureel deur die samelewing ondersteun en bewonder word nie, sal die kapitalisme sy dinamiese karakter verloor en sal dit nie meer kan oorleef nie. Dan sal dit noodwendig deur sosialisme opgevolg word.

In 'n laaste artikel wat hy in 1950 (kort voor sy dood) geskryf het, blyk dit dat hy altyd 'n onwillige sosialis was: "I do not advocate socialism .... I do not

'prophesy' or predict it. Factors external to the chosen range of observations may intervene to prevent that consummation" (Schumpeter, 1950:447).

In 1942 het hy sy "siening" oor kapitalisme en sosialisme in die volgende - nou reeds beroemde - paragraaf saamgevat, "Can capitalism survive? No. I do not think it can .... The actual and prospective performance of the capitalistic system is such as to negate the idea of its breaking down under the weight of economic failure, but that its very success undermines the social institutions that protect it, and 'inevitably' creates conditions in which it will not be able to live and which strongly point to socialism as heir apparent" (Schumpeter 1942; 3de uitgawe 1950:61).

Schumpeter het die dinamiese karakter van die kapitalisme só beskryf: Ekonomiese "innovasies" wat deur die "entrepreneur" geïnisieer word, verbreek die statiese Walras-Pareto-ekwilibrium. Met behulp van kredietskepping word 'n proses van kapitalistiese ontwikkeling aan die gang gesit. Aangesien innovasies in golwe gemaak word, het die ekonomie noodwendig 'n sikliese verloop. Hierdie sikliese gang is 'n proses van aanhoudende akkumulasie-en-verandering: "Capitalism ... is by its nature a form or method of economic change and not only never is, but never can be stationary" (1950:82). Die voortdrywende impuls wat die proses aan die gang sit en aan die gang hou, is afkomstig van die (tegnologiese en organisatoriese) innovasies waarvoor entrepreneurs verantwoordelik is.[1]

Die proses van "skeppende vernietiging" het 'n verskeidenheid van toepassings in Schumpeter se skema gehad. Wanneer 'n entrepreneur met innovasies voorendag kom, "vernietig" hy die statiese ewewig én die aansprake van die model van volmaakte mededinging: "If we try to visualise how perfect competition works or would work in the process of creative destruction, we arrive at the ... result ... that the bulk of what we call economic progress is incompatible with (perfect competition)" (1950:104-5). Innovasie vernietig nie net herhaaldelik die statiese ewewig en/of die neiging na so 'n ewewig nie, maar "skep" vir die entrepreneur ook 'n (tydelike) monopolie. Hierdie monopolie gee die entrepreneur nie net inisiële beskerming nie, maar ook die geleentheid om (welverdiende) monopoliewinste te maak vir solank sy innoverende "voorsprong" ongeskonde gehandhaaf bly. In 'n interessante afwyking van die geykte opvatting van die neoklassieke ekonomie is "mededinging" vir Schumpeter nie geleë in die teenwoordigheid van 'n groot aantal deelnemers in dieselfde mark nie, maar in die "dinamiese" mededinging wat in die proses van "skeppende vernietiging" opgesluit lê. Gevolglik glo hy dat die neoklassiekes die rol van die prysmeganisme en die belangrikheid van doeltreffendheid wat via mededinging op 'n individuele mark bereik kan word, hopeloos oorbeklemtoon het en daarmee die wesenskenmerke van die kapitalisme misgekyk het.

Schumpeter beskou monopolie en monopolistiese profyte - in skerp teenstelling met die neoklassieke teorieë - as 'n inherente bestanddeel van die dinamika van die kapitalisme. Wat dikwels na buitensporige profyte lyk, "..provides the bait that lures capital on to untried trails" (1950:90). Aan die ander uiterste, ".. perfectly free entry into a new field may make it impossible to enter it at all ... the introduction of new methods of production and new commodities is hardly conceivable with perfect competition from the start..." 1950:(104-105).

Sy idealisering van die entrepreneur was gebaseer op die *concept of charisma* wat hy aan Max Weber ontleen het. Sy prototipe van charismatiese leierskap was die waaghalsige en ridderlike aristokraat van die feodale tydperk wat in die kapitalisme vervang word deur die verbeeldingryke entrepreneur wie se "oorwinning" in dinamiese groei en winste geleë is. Ten spyte van die hoë verdienste van die entrepreneur, was Schumpeter bevrees dat die entrepreneur se hegemonie in die Schumpeteriaanse kosmos maar van korte duur sal wees. Aanvanklik het die entrepreneur dit moeilik gevind om weg te breek uit die organisatoriese en ideologiese greep van die grondaristokrasie en die Kerk om daarna vir slegs 'n eeu of twee op die kruin van dinamiese heerskappy te beweeg in die tydvak van ongebreidelde kapitalisme. Maar voordat die entrepreneur sy heerskappy permanent kan vestig, sou sy energie getap word deur die roetine van die groot korporasies, deur die eise wat die moderne staat aan hom gaan stel en deur die vyandigheid waarmee die intellektuele groep hom mettertyd sou bejeën. Wanneer die entrepreneur van sy heerskappy beroof word, gaan kapitalisme nie net van sy dinamiese karakter beroof word nie, maar gaan die voortbestaan daarvan ook in die gedrang kom.

Die rol wat Schumpeter aan die entrepreneur toegeken het in die skouspelagtige opkoms van die kapitalisme - van, sê, die 17de Eeu tot die hoogtepunt van *unfettered* of *laissez-faire* kapitalisme van die 19de Eeu - is beslis oordrewe. In sy *Theory of Economic Development* (1912), beskryf hy die entrepreneur as "...the pathbreaker of modern man ... the vehicle of reorganization of economic life..." wat aangedryf word deur "...the will to win ... (by) the joy of creating ... the urge for power" (1950). Hy stel die entrepreneur voor as 'n soort "...social miracle ... an event beyond the laws of nature and society." Aangesien Schumpeter so 'n belangrike deel van sy sieninge oor die kapitalisme op die innoverende optrede van die individuele entrepreneur bou, veroorsaak die onrealistiese persepsie wat hy van die entrepreneur gehad het, dat sy siening van kapitalisme 'n maklike skyf vir kritiek is.

Nogtans moet die strategiese belangrikheid van die visionêre betekenis van sy siening van die entrepreneur en van sy stelling dat "...innovation is the moving force in material progress..." nie onderskat word nie. Binne die raamwerke van die kapitalisme speel die entrepreneur vir hom die rol van 'n Griekse tragiese held: "Schumpeter loved the Greek tragedies ... So he must have been fully aware that the hero is the actor who sets in motion the chain of reactions which will fulfil his moira, his pre-ordained fate ..." (Lambers, 1981:126-127).

Om te verduidelik waarom die kapitalisme op die duur nie sal kan oorleef nie, het Schumpeter 'n redelik ingewikkelde konstruksie ontwerp oor hoe die kapitalistiese enjin in sy ekonomiese segetog kulturele en psigososiologiese newe-effekte "produseer" waardeur die semi-feodale beskawingsraamwerk, wat besonder bevorderlik vir die ontplooiing van die logika van die kapitalisme se dinamika was, "vernietig" word en *a purely bourgeois society* in die plek daarvan "geskep" gaan word. Hierdie bourgeois beskawing sal mettertyd nóg die nodige beskerming nóg die nodige geestelike en ideologiese stukrag kan verskaf aan die kapitalistiese enjin, en veral aan die entrepreneurs wat onontbeerlik vir die dinamiese gang van die kapitalisme is.

Schumpeter identifiseer veral twee kulturele "newe-produkte" wat uiteindelik 'n strategiese rol gaan speel in die sloping van die ou beskawingsraamwerk en in die skep van 'n nuwe, nl., die ontwikkeling van 'n (te) rasionalistiese lewenshouding wat veral deur die intellektuele as 'n selfstandige sosiale groep gepropageer gaan word, en die ontstaan van grootskaalse en geburokratiseerde ondernemings wat oor geïnstitusionaliseerde monopolis-

tiese mag sal beskik. Hierdie korporatiewe reuse sal mettertyd vooruitgang só meganiseer en outomatiseer dat nie alleen die entrepreneur nie, maar ook die *bourgeoisie*, en daarmee ook in die kapitalistiese ekonomie, oorbodig sal raak.

Die rasionalistiese beskawing sal mettertyd so 'n kritiese, so 'n siniese en so "anti-heroïese" mentaliteit skep dat dit op die lange duur nie anders kan as om die morele outoriteit van die kapitalisme te ondermyn nie: "The bourgeois finds to his amazement that the rationalist attitude does not stop at the credentials of kings and popes but goes on to attack private property and the whole scheme of bourgeois values. The bourgeois fortress thus became politically defenseless" (1950:143).

Die logika van die kapitalistiese dinamika, of die proses van Skeppende Vernietiging, kan alleen na waarde geskat word as mens besef dat die kapitalistiese enjin nie net 'n rasionalistiese beskawing geproduseer het nie, maar óók 'n "...atmosphere of almost universal hostility to its own social order." In teenstelling met ander beskawings verwerf die kapitalisme onvermydelik, "...by virtue of the very logic of its civilization...", 'n gevestigde belang in sosiale kritiek en tesame daarmee óók in die intellektuele as groep. Uiteindelik sal die *bourgeoisie* in so 'n mate oorweldig word deur die vyandige aanslag teen hom en teen sy skema van waardes dat hy naderhand nie anders sal kan as om ernstige bedenkinge oor sy eie verdienste en sy eie bestaansreg te koester nie.

Soos reeds aangetoon, was Schumpeter realisties genoeg om die funksionele rol wat monopolieë en groot ondernemings in die dinamiese gang van die kapitalisme speel, te erken en aan te prys. Maar hy het voorsien dat monopolistiese ondernemings deur onderlinge samespanning en deur die beskerming wat hulle van die owerheid kan afsmeek, tot grootskeepse korporatiewe reuse kan groei met 'n kapitaalkragtigheid wat hulle in staat stel om *the gales of creative destruction* suksesvol te weerstaan. As gevolg hiervan, is die korporatiewe reuse instaat om die spontane ritme van innovasies te versteur en mettertyd sal dit die dinamiese gang van die kapitalisme ernstig belemmer.

Die motivering vir onderlinge samespanning en die aandrang op owerheidsbeskerming, ontstaan vanweë die rasionalistiese lewenshouding wat mettertyd, ter wille van groter stabiliteit en rasionele kosteberekening, daardie soort beskerming opeis wat net deur 'n grootskaalse en 'n geïnstitusionaliseerde monopolieposisie verskaf kan word. Enersyds sal hierdie soort monopolistiese ondernemings die nodige beskerming kan verleen, maar andersyds sal hulle 'n buffer wees wat die aanslag van Skeppende Vernietiging so suksesvol sal afweer dat hierdie proses as't ware in die kiem gesmoor sal word. Gevolglik sal die groot korporasies die funksie van die entrepreneur meganiseer en outomatiseer totdat *innovation is being reduced to routine* (1950:132). Hierdeur sal entrepreneurskap van die persoonlike karakter en van die *flair* en ridderlike waaghalsigheid ontneem word: "...The modern corporation - although a product of the capitalist process - socializes the bourgeois mind; it relentlessly narrows the scope of capitalist motivation ... (and) will eventually kill its roots..." (1950:156).

Tibor Scitovsky beweer dat die entrepreneurskapitalisme wat Schumpeter so hoog aangeprys het, wel besondere kenmerke gehad het wat met grootskeepse monopolievorming en owerheidsinmenging grootliks verlore gegaan het, nl. *unequalled flexibility* - i.e. *flexibility in exploiting opportunities, absorbing shocks, adapting to changed circumstances*. Scitovsky gee Schumpeter krediet dat sy proses van "skeppende vernietiging" inderdaad groter "buigsaamheid" verskaf het as prysaanpassings op afsonderlike markte.

Ter wille van perspektief is dit nodig om te beklemtoon dat Schumpeter van mening was dat die kapitalistiese enjin "...would - if allowed to do so - work for another forty years about as successfully as it did in the past..." (1950:110). Die belangrikste redes waarom die einde van die kapitalisme (in 1942) nog nie in sig was nie, is die feit dat "...there are no purely economic reasons why capitalism should not have another successful run ... of fifty years of evolution" (1950:163). Die kapitalisme se einde was volgens hom nog nie in sig nie omdat die tendensies wat hy onder die oppervlak waargeneem het, hulleself nog nie volledig deurgewerk het nie.

Schumpeter het krities gestaan teenoor sowel die New Deal van Roosevelt as die Keynesiaanse formule van 'n anti-sikliese fiskale beleid as benaderings om die stagnasie- en werkloosheidsprobleme van die kapitalisme in die dertigerjare te probeer oplos. In plaas van addisionele burokratiese bestedings en regulasies, pleit hy dat die kapitalistiese enjin die geleentheid gegun moet word om deur 'n *remedial recession* te beweeg om daarna weer uit eie krag 'n sikliese opswaai te beleef (Schumpeter 1950:454).

Schumpeter het die verrassende standpunt gehuldig - gesien uit die perspektief van die 1990s - dat die ondergang van die kapitalisme nie voorkóm kan word deur groter owerheidsinmenging en/of deur 'n groter demokratiese betrokkenheid op die ekonomiese terrein nie. Aangesien die voortbestaan van die kapitalisme volgens hom nie deur die ekonomiese werkwyse van die stelsel bedreig word nie, maar deur die sosiaal-kulturele neweprodukte daarvan, was dit na sy mening misplaas om deur groter owerheidsinmenging in die ekonomie te soek na 'n oplossing vir die sosiaal-kulturele bestaanskrisis van die kapitalisme. Die demokratisering van die kapitalisme, of die ontstaan van demokratiese en/of welsynstaatkapitalisme, sal volgens hom nie die lewenstog van die kapitalisme verleng nie, maar dit eerder verkort. Enersyds sal dit die neiging tot burokratisering bevorder en andersyds sal die groter inmenging - en die veelvoud van regulasies wat dit meebring - die werkwyse en aanpassingsvermoë van die kapitalistiese enjin net verder belemmer. Hy beskou welsynstaatkapitalisme as 'n *halfway-house* op pad na demokratiese sosialisme.

Schumpeter het boonop 'n groot wantroue gekoester in die *bourgeoisie* se vermoë om 'n politieke rol te speel. Hy idealiseer die omstandighede wat in die 19de Eeu bestaan het toe die *bourgeoisie* hulle met suiwer ekonomiese aangeleenthede besig gehou het en politieke leierskap berus het by mense met 'n semi-feodale agtergrond. Die kapitalistiese enjin het ideaal gefunksioneer toe die politieke leiers in ooreenstemming met vóór-kapitalistiese waardes en gedragspatrone geregeer het en as 'n *classe dirigente* bereid en in staat was om die langtermynbelange van die *bourgeoisie* te behartig. In die tydvak van ongebreidelde kapitalisme was die feodale en die *bourgeois* strata vennote en het daar 'n *symbiosis of class* bestaan wat baie waardevol vir die kapitalisme was. Hoewel die feodale element enersyds 'n belemmernis in die weg van die kapitalistiese vooruitgang was, het dit andersyds noodsaaklike beskerming en leiding aan die *bourgeoisie* verleen.

Hierdie voordrag bied nie die geleentheid vir 'n volledige evaluasie van Schumpeter se teorie dat die voortbestaan van kapitalisme afhanklik is van suksesvolle entrepreneursoptrede wat telkens - met behulp van innovasies - vir 'n dinamiese proses van Skeppende Vernietiging verantwoordelik is nie. Aangesien Schumpeter beter as

enigiemand anders die potensiaal begryp het van Skeppende Vernietiging om strukturele veranderings af te dwing, sou 'n mens kon verwag dat hy die strukturele verandering wat hy in die tussenoorlogse tydperk waargeneem het, nie as simptome van kapitalistiese verval en ontbinding sou diagnoseer nie, maar dat hy dit eerder sou voorhou as strukturele veranderinge wat dui op die oorgang van één fase van kapitalisme na 'n ánder fase.

Schumpeter het nie die Goue Era van ongekende hoë ekonomiese groei in die derde kwart van die 20ste eeu voorsien nie. Ter versagting kan mens aanvoer dat hy nie kon voorsien dat staatsondersteunde tegnologiese vooruitgang en reusagtige owerheidsbelegging in die wapenindustrie en in die ruimtewedloop - as deel van die Koue Oorlog - 'n belangrike bydrae tot die proses van Skeppende Vernietiging en innovasies sou maak nie. Hy het ook nie voorsien dat die groot verdedigingsbestedings gedurende die Koue Oorlog 'n kunsmatige stimulering aan kapitalistiese groei sou bied nie. Maar wat veral belangrik is, is dat hy nie voorsien het dat die intense ideologiese propaganda waarmee die Koue Oorlog gepaard gegaan het nie, 'n "ideologiese kokon" sou vorm wat die stelsel van demokratiese kapitalisme teen die kritiese analise van die intellektuele groep sou beskerm nie.

Aangesien Schumpeter die proses van Skeppende Vernietiging te eng geassosieer het met die verbeeldingryke en selfs waaghalsige optrede van die kleinskaalse eienaar-entrepreneur, kon hy nie insien dat verbeeldingryke entrepreneurskap ook suksesvol deur persone in die "burokrasieë" van sowel die groot korporasies as die groot staatsdepartemente onderneem sou word nie. 'n Mens kan met groot stelligheid beweer dat die opkoms van korporatiese kapitalisme in die 20ste eeu 'n ander fase van kapitalisme verteenwoordig as die fase van ongebreidelde of entrepreneurskapitalisme van die 19de en vroeg 20ste eeu. In die Korporatiewe Kapitalisme bestaan uiteraard nie soveel "speelruimte" vir tipiese (of kleinskaalse) Schumpeteriaanse entrepreneurskap nie. Een van die weinige sektore wat steeds 'n redelike kleinskaalse karakter het en waar die 19de eeuse besigheidsvorm van eienaar-entrepreneur nog redelik algemeen voorkom, is die landbousektor. Dit sou dus nie onvanpas wees om die sukses-en-of-mislukking van landbou-entrepreneurskap in Suid-Afrika steeds in Schumpeteriaanse terme en in terme van die proses van Skeppende Vernietiging te interpreteer nie.

Dit is waarskynlik nodig om 'n belangrike kwalifikasie te maak voordat ons landbou-entrepreneurskap in Suid-Afrika in Schumpeteriaanse terme kan interpreteer. In die Schumpeteriaanse kosmos het 'n verbeeldingryke entrepreneur telkens met 'n bondel innovasies geslaag om vir hom 'n voordelige posisie te skep om daardeur die "stabiele" wêreld waarin sy mededingers geopereer het, te VERNIETIG en hulle dan onder druk te plaas om by "nuwe omstandighede" aan te pas as hulle wil oorleef. In die tydvak waarin ons leef, is dit nie soseer 'n entrepreneur wat die "ou wêreld" vernietig nie. In die geval van Suid-Afrika word die "ou wêreld" deur die dinamika van die politieke proses vernietig. Gevolglik is dit nodig dat ons eers aandag sal gee aan die "meganika" van die politiek geïnspireerde proses van Skeppende Vernietiging voordat ons kan spekuleer oor die eise wat dit aan die landbou-entrepreneur gaan stel.

## 2. Suid-Afrika se strukturele magsverskuiwing (of *powershift*) na 'n nuwe bedeling

Suid-Afrika verkeer sedert die middel van die sewentigerjare in die pynlike oorgang of *Powershift* na 'n Nuwe Bedeling[2]. Teen die middel van die sewentigerjare het die magspatroon (wat deur die Britse koloniale magte in Suid-Afrika gevestig is gedurende die tydperk van Imperiale Oorwinnings) sy stabiliteit, sy legitimiteit en ook sy groeivermoë verloor. Indien 'n mens die beperkte hulpbronne, die swak klimaatsomstandighede en die relatief onontwikkelde mensmateriaal in ag neem, was die Blanke bestel wat deur imperiale oorwinnings gevestig is, besonder stabiel en is redelik ekonomiese sukses behaal gedurende die eerste drie-kwart van die 20ste eeu. Terwyl die proses van ekonomiese groei en ontwikkeling gedurende die eerste 35 jaar van die eeu met stampe-en-stote verloop het, was die daaropvolgende 40 jaar (1934 - 1973) besonder voorspoedig. In hierdie 40 jaar was die groeikoers byna 4,5 persent per jaar en het die *per capita* inkome met byna 2½ persent per jaar gestyg!

Teen die middel van die sewentigerjare het die Blanke bestel (en daarmee ook die Suid-Afrikaanse ekonomie) in 'n strukturele *cul-de-sac* beland. As synde die verlengstuk van Britse kolonialisme, het die Blanke bestel van meet af die kieme van sy eie ondergang in hom gedra. Strukturele wanverhoudings was van meet af teenwoordig omdat sowel Politieke Mag as Ekonomiese Rykdom te eensydig en te ongelyk in blanke hande saamgetrek was, terwyl die ideologiese benadering (in ten minste die eerste vyftig jaar van die eeu) 'n te dogmatiese nabootsing van Victoriaanse Liberalisme en/of Ricardiaanse markekonomie verteenwoordig het. Die ongelykhede van Mag, Rykdom en Voorregte het nie alleen 'n te skerp onderskeid tussen Wit en Swart bewerkstellig nie, maar aanvanklik ook groot ongelykhede tussen Boer en Brit.

Die stabiliteit (en waarskynlik ook die groeivermoë) van die ekonomie is gedurende die eerste 70 jaar van die eeu deurlopend bedreig deur die voortslepende "magstryd" tussen die Engelse en Afrikaner *Establishments*. Hierdie stryd het ná 1948 verhewig toe die Afrikaner *Establishment* beheer oor die politiek en die burokrasie verkry het, terwyl die Engelse *Establishment* steeds die ekonomie en die hoofstroom-media beheer het. Danksy die *roaring sixties* - waartydens albei blanke groepe groot ekonomiese vooruitgang beleef het - het 'n stabiele *modus vivendi* tussen die twee blanke *Establishments* ontwikkel. Aan die begin van die sewentigerjare het ongekende vooruitgangsoptimisme in albei blanke *Establishments* geheers oor die groeipotensiaal van die ekonomie wat op daardie stadium op die lojale steun van Westerse moondheid kon reken. Vier dramatiese gebeure in 1974, 1975, 1976 en 1983 het egter die optimistiese vooruitsigte van die vroeë sewentigerjare laat omswaai na die pynlike proses van *Powershift*, stagflasie, kruipende armoede en oplaaiende sosiale en politieke onstabiliteit.

Hierdie vier gebeurtenisse was (i) Spinola se staatsgreep in Lissabon (25 April 1974) en die daaropvolgende verkrummeling van die Portugese koloniale ryk in Suidelike Afrika; (ii) die abortiewe inval van die Weermag in Angola (12 November 1975) en die daaropvolgende Totale Strategie teen die (beweerde) Totale Aanslag; (iii) die Soweto-onluste (16 Junie 1976) en die beleid van sanksies en disinvesterings wat daardeur ontlok is en (iv) die Referendum oor politieke magsdeling met Kleurlinge en Indiërs (op 2 November 1983) en die stigting van die UDF (op 23 Augustus 1983) wat tot 'n verhewiging van die binnelandse *Struggle* tussen die Mass Democratic Movement (MDM) en die Veiligheidsmagte gelei het. Dit is nogal 'n magtige ironie dat die Wit-Swart-*Struggle* en die *Powershift* teen ongeveer 1975 in volle erns 'n aanvang geneem het, net tot die stryd tussen die twee blanke *Establishments* vir alle praktiese doeleindes bygelê is.

'n Ongelukkige kenmerk van die *Powershift* wat Suid-Afrika sedert 1974 ondervind, is dat die magstryd tot 1990 hoofsaaklik in die ekonomiese arena plaasgevind het. Hierdie magstryd het ernstige skade aan die ontwikkelende ekonomie van Suid-Afrika berokken wat nie maklik - of in 'n kort tydbestek - herstel sal kan word nie. So byvoorbeeld het die Verwoerdiaanse beleid die skaarsheidspryse (van kapitaal en arbeid) verwring en 'n oordrewe kapitaal-intensiewe ekonomie geskep. Terselfdertyd is besteding op Swartonderwys tot 'n minimum beperk wat die ontwikkeling van Swartes se mens-potensiaal ernstig vertraag het. In die regeringstyd van Vorster en P W Botha het sanksies en disinvestering die groeipotensiaal van die ekonomie ernstig ondermyn. As teenvoeter vir die beleid van groeiende internasionale isolasie, is in veral die Botha-tydvak reusagtige bedrae op die sekuriteitsmagte bestee wat - agterna beoordeel - grootskaalse vermorsing en ekonomiese verwringing veroorsaak het.

Vanweë die onverkwiklike en ontwrigtende "magstryd" op die ekonomiese terrein, is die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie aan die begin van die negentigerjare baie swak. Dit word beraam dat meer as 40 persent van alle huishoudings onder die broodlyn (of in absolute armoede) leef. Ongeveer 50 persent van die potensiële arbeidsmag kan nie werksgeleenthede in die moderne sektor kry nie. Sedert 1974 ondervind Suid-Afrika kruipende armoede en daal die reële *per capita* inkome met 0,7 persent per jaar. Merkwaardig genoeg het die meerderheid van die Kleurlinge en die Asiërs en sowat die helfte van die Swartes (die sg. *Black insiders*) hulle relatiewe en absolute ekonomiese posisies aanmerklik verbeter gedurende die afgelope 20 jaar. So 'n verbetering in 'n kwynende ekonomie was egter net moontlik ten koste van ander groepe. Die ekonomiese posisie van die meerderheid van die blankes en van die sg. *Black outsiders* het egter baie verswak. Die feit dat sommige groepe in die kwynende ekonomie hulle relatiewe ekonomiese posisie ten koste van ander groepe kon verbeter, is 'n duidelike aanduiding dat "bedingingsmag" sedert die sewentigerjare na die Kleurlinge, Asiërs en *Insiders* verskuif het ten koste van die blankes en die *Black Outsiders*. Ten spyte van die relatiewe verskuiwings wat sedert 1974 in die inkomeverdeling plaasgevind het, bly die skerp ongelykhede in die verdeling van ekonomiese mag, rykdom, geleenthede en inkome tussen die verskillende etniese, kleur en taalgroepe steeds een van die uitstaande - én onrusbarendste - kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare het die magstryd verhewig in die vorm van 'n binnelandse *Struggle* tussen die MDM en die Veiligheidsmagte. Dit staan bo alle twyfel dat hierdie binnelandse *Struggle* die sanksies en disinvestering sowel as die Bevrydingsorganisasie se diplomatieke inisiatiewe, direk en indirek, 'n bydrae gelewer het tot Pres. F W de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990. Sedertdien vind 'n onderhandelingsproses plaas tussen die Bevrydingorganisasies (hoofsaaklik die Alliansie van die ANC, SAKP en COSATU) aan die linkerkant van die spektrum en die (hoofsaaklik wit) *Bourgeois Establishment* aan die regterkant van die spektrum. Hierdie *Bourgeois Establishment* is 'n gedugte Magsblok wat berus op 'n *Compact of Power* tussen die Burokrasie, die Korporatiewe sektor, die NP-regering, die Hoofstroom Media en 'n verskeidenheid van Professionele organisasies.

Terwyl die *Bourgeois Establishment* oor groot Mag, Rykdom en Doeltreffendheid beskik, kan die legitimiteit en stabiliteit van die Suid-Afrikaanse bestel net herstel word in samewerking met die Bevrydingsorganisasies. Terwyl die *Establishment* oor formidabele strukturele mag beskik, beskik die Alliansie van Bevrydingsorganisasies oor *people's power* , d.w.s. die Alliansie verteenwoordig daardie deel van die bevolking wat op die sg. "morele hoë grond" kan aanspraak maak omdat die ondersteuners daarvan deur die Apartheidsbeleid en deur agterstellende strukture aan onderdrukking, ontneming en diskriminasie onderworpe was. Gelukkig het ons 'n stadium bereik waar sowel die *Establishment* as die Alliansie 'n duidelike besef het van hulle wedersydse interafhanklikheid en dit openlik erken en daarom bereid is om na 'n onderhandelde skikking te soek. (Ongelukkig is daar kleiner groeperinge in sowel blanke as Swart kringe aan die verlinker- en verregterkant wat nie wil aanvaar dat hulle slegs kan oorleef as geïntegreerde dele van 'n nuwe bestel nie.)

Alhoewel 'n demokratiese verkiesing en 'n nuwe politeke bedeling 'n onontbeerlike voorvereiste in die legitimeringsproses is, is die totstandbringing van 'n Nuwe Politieke Bedeling nie die einde van die herstruktureringsproses nie. Gedurende die volgende 10 tot 15 jaar sal die nuwe regering (wat waarskynlik deur die ANC gedomineer gaan word) die geleentheid en/of ruimte gegun moet word om selfstandige werksverhoudings met die (Afrikanerbeheerde) Burokrasie, die (Engelsbeheerde) Korporatiewe sektor, die hoofstroommedia en die professionele groepe aan te knoop. Om die nodige "ruimte" vir die aanknoop van sodanige werksverhoudings aan die nuwe regering te bied, sal die *Compact of Power* ontrafel moet word - d.w.s. die *Bourgeois Establishment* sal sy noue vervlegtheid en sy relatiewe geslotenheid moet prysgee en elkeen van die bestanddele daarvan (die Burokrasie, die Korporatiewe sektor, die Hoofstroom-Media en die Professionele groepe) sal bewys moet lewer dat hulle vertroue in die nuwe regering het en bereid is om waar nodig billike ondersteuning en samewerking daaraan te verleen. Indien dit nie gebeur nie, sal die *Struggle* net op ander vlakke voortduur, met uiters nadelige gevolge.

Ons moet daarteen waak om nie die herstrukturering wat die Suid-Afrikaanse samelewing (in al sy skakeringe) nog moet deurloop, gering te skat of met relatief oppervlakkige hervorming vir lief te neem nie. Ons moet veral daarop bedag wees dat die herstrukturering nie op 'n blote hervorming van apartheid gaan neerkom en op die ou end as apartheids*perestroika* beskryf sal kan word nie. Net so moet ons daarop bedag wees dat daar vanweë die geykte groepskarakter van die Suid-Afrikaanse samelewing, nie nuwe vorme van apartheid sal ontwikkel nie, bv 'n soort "apartheid" tussen die Swart *insiders* (of *bourgeoisie*) en die Swart *outsiders* (of proletariaat) nie. Die gevaar bestaan dat die Swart insiders hulle nuutverworwe politieke mag (en hulle goeie organisatoriese vermoëns) vir eie bevoordeling en *embourgeoisment* kan misbruik en die *outsiders* skromelik kan verwaarloos en selfs aan nuwe vorme van diskriminasie kan onderwerp.

Die herstruktureringsproses sal nie alleen 'n gelyker verdeling van politieke mag moet bewerkstellig nie, maar ook 'n enigsins gelyker verdeling van rykdom, geleenthede en inkome. Die geykte patroon waarvolgens 5 persent van die bevolking (wat hoofsaaklik blank is) na beraming 88 persent van alle rykdom besit, terwyl die Swartes (wat byna 75 persent van die bevolking uitmaak) waarskynlik nie meer as 3 persent van alle rykdom besit nie, kan nie onveranderd bly voortbestaan nie. Om 'n enigsins gelyker verdeling van eiendom te bewerkstellig, sal dit waarskynlik nodig wees om jaarliks 'n rykdoms- (of netto bate) belasting van 'n halwe of driekwart persent te hef op alle individue wat oor minstens R500 000 se netto bates beskik. Hierdie belasting kan vir 20 of 30 jaar gehandhaaf word. Die opbrengs sou in 'n Restitusie of Rekonstruksie fonds gestort kan word en

o.m. vir die finansiering van grondhervorming - wat eweneens onontbeerlik is - gebruik word. Die hef van 'n rykdomsbelasting sal nie alleen 'n duidelik waarneembare regstellende maatreëls wees nie, maar dit kan ook 'n belangrike simboliese betekenis hê en sal vir oorredende doeleindes gebruik kan word.[3]

Indien die herstrukturering van die magspatrone na wense ontplooi in die eersvolgende 10 of 15 jaar kan 'n pluralistiese netwerk van magsgroepe tot stand kom wat as *countervailing forces* 'n stabiliserende invloed op mekaar kan uitoefen. Eers wanner so 'n pluralistiese netwerk met die nodige balanserende potensiaal tot stand gekom het, sal die *Powershift* - wat in die middel van die sewentigerjare 'n aanvang geneem het - afgeloop wees.[4]

Soos ons hierbo aangetoon het, het Schumpeter nie juis vertroue gehad in die vermoë van die *bourgeoisie* om 'n politieke rol te speel en 'n atmosfeer te skep wat gunstig vir entrepreneurskapitalisme is nie. In hoeverre 'n ANC-regering - wie se hoofsaaklik Swart ondersteuners en leierskorps nog 'n enigsins vóór-kapitalistiese waardeen gedragspatrone het - as 'n *classe dirigente* bereid en in staat sal wees om die langtermynbelange van die *bourgeoisie* (insluitende die entrepreneurs in die landbousektor) te behartig, is natuurlik 'n ope vraag.

Uit die oogpunt van die landbou-sektor, is dit van besondere belang dat die landbou-entrepreneurs die herstrukturering van die magspatrone wat waarskynlik in die eersvolgende 10 tot 15 jaar gaan plaasvind, goed sal begryp. Hierdie herstrukturering gaan tot gevolg hê dat die OMGEWING waarin die landbou-entrepreneurs in die toekoms sal moet optree, ingrypend anders gaan wees as wat tans die geval is. Voordat ons die betekenis wat die veranderde magspatrone vir die landbousektor gaan inhou, kan ontleed, is dit nodig om enkele opmerkings oor die geskiedenis van Suid-Afrika uit 'n landbou-ekonomiese perspektief te maak.

## 3. Enkele opmerkings oor Suid-Afrika uit 'n landbou-ekonomiese perspektief

Dit is algemeen bekend dat Suid-Afrika uit 'n landbou-ekonomiese perspektief beoordeel, geensins 'n goeie landbouland is nie. Suid-Afrika se landbou-ekonomiese geskiedenis oor die afgelope 350 jaar was dan ook nie 'n gelukkige een nie. Die gehalte van die landbou-grond is relatief swak in vergelyking met dié van baie ander lande.[5] Die reënval - met die moontlike uitsondering van die winterreënvalgebied - is relatief laag, baie wisselvallig en onvoorspelbaar. Die grootste gedeelte van Suid-Afrika word dan ook as semi-woestynagtige gebied geklassifiseer. Water vir besproeiingsdoeleindes is beperk en waar dit wel beskikbaar is, is die grond dikwels te arm om besproeiing te regverdig.

Oor die afgelope 350 jaar is boerderyhulpbronne dikwels op so 'n manier geëksploiteer - in sowel ekstensiewe as intensiewe boerdery - dat onherstelbare skade daaraan berokken is. Die aanklag dat diegene wat in die landbou bedrywig is, dikwels "mynbou" in plaas van landbou beoefen, is seker oordrewe, maar nie sonder meriete nie. Die geneigdheid tot "mynbou" moet waarskynlik nie net toegeskryf word aan die kortsigtigheid van diegene wat 'n lewenstog uit die landbou probeer maak nie, maar ook aan sekere sosiale-politieke faktore.

Suid-Afrika se geskiedenis sedert Jan van Riebeeck - maar waarskynlik ook vóór 1652 - is die onverkwiklike verhaal van onderlinge groepbotsings. Hierdie groepbotsings het plaasgevind tussen duidelik gedefinieerde etniese-, kleur- en taalgroepe. Hierdie groepbotsings woed ongelukkig in sekere opsigte nog steeds voort. As part en deel van die chroniese groepbotsings het elkeen van die groepe hulle relatiewe ekonomiese posisie probeer verbeter deur ander groepe te "plunder". Hierdie onderlinge "groepsplundery" het onvermydelik tot gevolg gehad dat die groepe gesamentlik ook Suid-Afrika se beperkte landbouhulpbronne "geplunder" het. Binne 10 jaar ná die koms van Van Riebeeck het 'n klein oorloggie tussen die koloniste en die Khoi-San plaasgevind oor die gebruik van die beperkte goeie weiveld. Die botsing in die Oosgrens tussen die Trekboere en die Xhosas het ook oor goeie weiveld gegaan. Gedurende die Groot Trek en tussen die Britse koloniale owerhede en die Xhosas en Zoeloes het soortgelyke oorloë plaasgevind. Ná die aanvaarding van die Wette op Grondbesit van 1913 en 1936 is 'n groot deel van die Swartbevolking tot slegs 8 (en later tot 13) persent van Suid-Afrika se oppervlakte ingeperk waar hulle nie anders kon as om roof- en "mynbouplundery" te beoefen nie. Ongelukkig het lae rentekoerse, belasting toegewings en ander vorme van subsidies boere in die somerreënvalgebied soms ook uitgelok om akkerbou op marginale grond te bedryf wat eweneens op roof- en mynbouplundery neergekom het. Ongelukkig vind die meeste vorme van plundery steeds plaas. Gevolglik moet ons daarna streef om ons samelewingspatrone - op sosiale, politieke en ekonomiese terreine - só te struktureer dat alle vorme van plundery beëindig kan word. Dit gaan geensins 'n maklike taak wees nie.

Indien 'n mens uit 'n Schumpeteriaanse oogpunt na die landboubedryf in Suid-Afrika kyk, dan is dit seker geoorloof om die vraag te stel oor watter soort politieke en sosiaal-kulturele OMGEWING nodig sal word voordat suksesvolle entrepreneurskapitalisme tot ontplooiing kan kom. Soos ons aantoon, was Schumpeter van mening dat die kapitalistiese enjin net na wense funksioneer as die kulturele en politieke OMGEWING die nodige beskerming en ondersteuning aan die entrepreneurs kan bied. Na aanleiding hiervan sou ons kon sê dat mens slegs Schumpeteriaanse entrepreneurskap in die Suid-Afrikaanse landbou kan verwag, as politieke en kulturele omstandighede (of magspatrone) geskep kan word wat vriendelik en ondersteunend teenoor die landbou - as voedselprodusent - ingestel sal wees. Dit sal boweal vereis dat die groepaansprake en die groepbotsings oor grond op 'n bevredigende wyse bygelê sal moet word. Kortom, grondhervorming ter wille van die regmatige aansprake wat etniese, kleur en/of taalgroepe - anders as die blanke groep - op grond het, sal 'n hoë voorrang in die eersvolgende sê 10 na 15 jaar moet geniet.

Dit sal na my mening nie geoorloof wees om grondhervorming deur onteiening of deur grondbelasting te probeer bewerkstellig nie. Dit staan bo alle twyfel dat die blankes in alle sektore van die ekonomie deur die magstrukture van Rasse Kapitalisme en Apartheid bevoordeel is. Dit sou dus verkeerd wees om slegs die landbou-sektor te belas ter wille van regstellende optrede in die landbousektor.[6]

Kom ons veronderstel dat 'n formule gevind kan word waardeur die botsende aansprake van groepe ten opsigte van landbougrond, bevredigend opgelos kan word. Dan ontstaan die vraag oor wat die beleid van die Nuwe Regering teenoor die landbousektor behoort te wees om daardie "ruimte" of daardie "vriendelike omgewing" te skep, wat nodig is om Schumpeteriaanse entrepreneurskap tot volle ontplooiing te laat kom. Ons kan hierdie vraag waarskynlik die beste beantwoord deur aan te toon dat die owerheidsbeleid sedert 1910 - in geeneen van die drie periodes waarin ons dit kan indeel - daarin geslaag het om 'n OMGEWING te skep wat geskik en bevorderlik vir Schumpeteriaanse entrepreneurskap was nie. Hierdie drie tydperke is (i) die *Laissez-faire* periode

van 1910 tot 1937, (ii) die burokratisering en oordrewe beskerming van die landbou van 1937 (maar veral van 1948) tot ongeveer 1978, en (iii) die periode van deregulering en van die relatiewe "verwaarlosing" van die landbousektor van 1978 tot sê 1990. (Die hulpprogramme en die steeds veranderende landboubeleid wat sedert 1990 geimplementeer is, word vir die doeleinde van hierdie referaat buite rekening gelaat.)

### (i) Die *Laissez-faire* benadering

In die eerste periode is die landbou-sektor (en veral prysvorming van landbouprodukte) aan die genade van die vrye spel van vraag-en-aanbod oorgelaat. Hierdie *Laissez-faire* benadering t.o.v. 'n landbousektor wat arm aan hulpbronne is en waar so baie onvoorspelbare veranderlikes 'n rol speel, kon nie anders as om baie nadelige gevolge vir die landbousektor te hê nie. Indien Swart arbeid nie in sulke groot getalle én so goedkoop beskikbaar was nie, sou die nadelige gevolge van die *Laissez-faire* beleid seker baie groter gewees het en kon dit selfs katestrofiese gevolge gehad het.[7] 'n Belangrike rede waarom 'n *Laissez-faire* beleid destyds - en nog steeds nie - geoorloof is nie, is omdat die ekonomiese speelveld in Suid-Afrika hopeloos te ongelyk is vanweë die ongelyke verdeling in MAG en RYKDOM en entrepreneursgeleenthede.

Ons kan beslis nie 'n herhaling bekostig van die onverskillige *Laissez-faire* houding wat die Engelse (Victoriaanse) *Establishment* in die begin van die eeu teenoor sowel die hoofsaaklik Afrikaner-georiënteerde landbouondernemers as die Swartwerkers ingeneem het en wat o.m. tot die Arm Blanke-probleem en tot geforseerde verstedeliking gelei het nie.[8] Hoewel die gebrek aan deurlopende owerheidsinmenging in die landbou deur vrymarkiers voorgehou mag word as kenmerkend van 'n *system of natural liberty* wat destyds in swang sou gewees het, was daar niks "natuurliks" omtrent daardie situasie nie. Die magspatrone wat operasioneel was in die (beweerde) "vrye markte" is deur die Britse koloniale owerhede én deur wetgewing van die Suid-Afrikaanse Party (wat deur die Engelse *Establishment* beheer is) so vasgelê dat dit dienstig vir die belange van veral die mynbousektor kon wees!

### (ii) Die tyd van beheerrade en subsidies

Ná die aanvaarding van die Landboubemarkingswet van 1937 - maar veral ná die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 - het die landbousektor groot steun en beskerming vanaf owerheidsweë ontvang.[9] Hierdie beleid het enersyds tot 'n oordrewe bevoordeling en beskerming van die landbousektor gelei omdat die NP-regering besonder sensitief was vir sy "landboukiesafdelings". Die bevoordeling van die landbousektor het gepaard gegaan met 'n wydverspreide reglementering en burokratisering van die landbou en met die vasstelling van landboupryse op vlakke wat weinig verband gehou het met die (egte) skaarsheidswaarde van die betrokke produksiefaktore en eindprodukte. Dit het natuurlik tot allerhande "skewe" ontwikkelinge in die landbou gelei. Hierdie "verwringing" van die landbousektor is mettertyd verder vererger deur die Verwoerdiaanse beleid wat 'n Blanke Ekonomie - wat onafhanklik van Swartarbeid moes wees - in Suidelike Afrika probeer uitbou het en eweneens nie rekening gehou met die "dissipline" van die (relatiewe) skaarsheidspryse nie. Boonop is 'n belasting- en 'n onderwysbeleid gevolg wat kapitaal goedkoop *vis-a-vis* Swartarbeid gemaak het. Die gesamentlike effek van die beleid van landboubevoordeling en Afsonderlike Ontwikkeling, was die skerp styging in die kapitaal-arbeid-verhouding in alle sektore van die ekonomie, insluitend die landbousektor.[10]

Nog 'n nadeel van die oordrewe beskerming en bevoordeling van die landbousektor van sê 1948 tot ± 1978, was dat dit tot 'n te snelle *embourgeoisment* van die eertydse klein en relatief arm boere gelei het. Die nadele van die rykmansmentaliteit en -lewenswyse wat deur hierdie te vinnige *embourgeoisment* van eertydse kleinboere (*petit bourgeois*) veroorsaak is, kan nie maklik oorbeklemtoon word nie. Dit kom o.m. tot uitdrukking in die verregse ideologiese ingesteldheid van die boerdery-gemeenskap in veral sekere dele van die land en in die buitensporige aansprake waarmee die politieke segsmanne van daardie hoofsaaklik boeregemeenskappe na vore kom. Indien die Afrikaanssprekende boeregemeenskap nie in die derde kwart van die eeu so 'n vinnige proses van *embourgeoisie* ondergaan het nie, sou nie alleen die landbousektor baie gesonder gewees het nie, maar sou die stand van politieke en ideologiese ingesteldheid van die blanke Afrikaners baie minder problematies - uit die oogpunt van die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel - gewees het.

### (iii) Deregulering en verwaarlosing van 1978 tot 1990

Die jarelange vriendskapsverhouding tussen die NP-regering en die landbousektor is versuur toe die P W Botha-regering nie die hoë vlak van landbou-bevoordeling kon handhaaf nie. Toe die Botha-regering te midde van 'n lae groeikoers en 'n krimpende belastingkapasiteit sy bestedingsprioriteite rondom 1978 gewysig het ter wille van sy Totale Strategie-beleid, het dit o.m. ten koste van Landbousubsidies gebeur. Ná die abortiewe inval in Angola (1975) en ná die Soweto-onluste (1976) is besteding op die Totale Strategie en op Swartonderwys skerp verhoog en is besteding op Landbou besnoei (Sien Tabel 1).

Teen die einde van die sewentigerjare het die Botha-regering se makro-ekonomiese beleid ook skielik verander. Die wisselkoers is verlaag en rentekoerse verhoog op 'n stadium toe swart lone skerp begin styg het. Die beleidsommeswaai en die kleiner owerheidsbesteding op Landbou, het hierdie sektor buitengewoon swaar getref.

As deel van die NP-regering se aanvaarding van 'n vryemarkbenadering in die tagtigerjare, is 'n beleid van deregulering ook na die landbou-sektor uitgebrei. Die owerheid is tans besig om die Landbou-beheerrade uit te fasseer en om as't ware die Landbou te "deburokratiseer". Alhoewel sommige aspekte van hierdie "vryemarkbenadering" meriete gehad het - om van onnodige starhede en burokratiese rompslomp ontslae te raak - bestaan die gevaar dat die (te) hoogaangeprese vryemarkbenadering weer in 'n Laissez-faire beleid kan ontaard.

Indien goeie redes bestaan om te vermoed dat markpryse - op sowel die relevante faktor- en goedere markte - wel in die "omgewing" van die betrokke faktore en goedere se (relatiewe) skaarsheidspryse geleë is, het ons geen rede om oor die markpryse gekommerd te wees nie. Maar vanweë die "onvolmaaktheid" van die betrokke markte en vanweë die ontoeganklikheid van die markte vir 'n groot deel van die bevolking - vanweë die besonder skerp ongelykhede van MAG, Rykdom en Voorregte - én vanweë die rasse-sydigheid van hierdie ongelykhede, bestaan 'n wesenlike gevaar dat die vryemarkbenadering 'n verskoning kan wees vir die sterkes (ofte wel blankes) steeds om hulle ten koste van die swakkes (ofte wel Swartes) te verryk.

**Tabel 1: Funksionele besteding van die begrotings van die sentrale regering - 1970/71 tot 1989/90**

| Sektor | 1970/71-1976/77 | | 1977/88-1989/90 | |
|---|---|---|---|---|
| | Gem. % van BBP | Gem. % van die Begroting | Gem % van BBP | Gem. % van die Begroting |
| Landbou | 1,25 | 5,5 | 0,75 | 3,0 |
| Onderwys | 1,3 | 5,7 | 3,1 | 12,3 |
| Verdediging | 2,9 | 12,7 | 4,1 | 16,1 |

Bron: Calitz E, Ongepubliseerde doktorstesis, Stellenbosch, 1986, en South Africa at the end of the Eighties: Policy Perspectives 1989, Centre for Policy Studies, 1989.

Dit is iets wat ons beslis nie op hierdie delikate stadium van ons geskiedenis kan bekostig nie. Diegene wat hulle soms dogmaties vir 'n vryemarkbenadering - óók in die landbou - beywer ter wille van die beweerde groter doeltreffendheid en groei wat dit tot gevolg sal hê, moet nie hulle oë sluit vir die groter ongelykheid en sosiale wrywing wat só 'n benadering tot gevolg kan hê nie.[11]

## 4. Schumpeteriaanse entrepreneurskap in die nuwe Suid-Afrika

Soos ons hierbo aangetoon het, bestaan daar in die landbousektor nog daardie soort eienaar-entrepreneurskap waaroor Schumpeter 'n loflied gesing het en as die dinamiese krag van kapitalisme beskou het. Schumpeter was van mening dat die ridderlike entrepreneur net met 'n proses van Skeppende Vernietiging en dinamiese groei kan slaag as die kulturele en politieke OMGEWING aan die entrepreneur die "ruimte" én die beskerming bied om telkens die risiko te loop om met 'n nuwe bondel innovasies na vore te kom en die geleentheid sal hê om sy inisiatiewe suksesvol deur te voer. Dit beteken onder meer dat 'n entrepreneursvriendelike atmosfeer geskep moet word en dat daar 'n *symbiosis of classes* tussen die politieke "klas" en die entrepreneursklas moet bestaan voordat entrepreneurskap tot volle wasdom kan kom.

Die gewensde entrepreneursvriendelike atmosfeer vir die Landbousektor sal net geskep kan word as 'n nuwe werksverhouding en 'n nuwe magsverhouding tussen die Nuwe Regering en die Landbousektor tot stand kan kom. Dit beteken dat die Landbousektor (en die boeregemeenskap) sy "plek" in die nuwe Netwerk van Pluralistiese Magsgroepe sal moet vind én moet sorg dat die Nuwe Regering die Landbousektor vriendelik en welwillend gesind sal wees. Voordat dit kan gebeur sal die *mind-set* van die boeregemeenskap egter 'n redelik ingrypende aanpassing moet ondergaan.

Soos reeds aangetoon, sal 'n OMGEWING bevorderlik vir entrepreneurskapitalisme in die landbousektor net geskep kan word as die groepbotsings en die groepsplundery vervang kan word met 'n burgerlike samelewing (*civil society*) wat die nodige dissiplinêre en stabiliserende effek op al die ekonomiese en politieke rolspelers sal uitoefen. Om só 'n gemeenskap binne 'n redelike tyd te "organiseer" en te "dissiplineer", sal groot inspanning en 'n oop gemoed - bevry van alle ideologiese vooroordele - van almal verg, insluitende die georganiseerde landbou én die boerdery gemeenskap. Dit sal o.m. beteken dat die Landbousektor en die Nuwe Regering konsensus sal moet bereik oor grondhervorming én oor die posisie van (die meesal Swart) plaaswerkers.

Kom ons veronderstel dat die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse magsverhoudings na wense verloop en dat 'n entrepreneursvriendelike atmosfeer vir die Landbousektor teen die jaar 2000 geskep sal wees. Aan watter eise sal 'n ondernemer in die Landbousektor dan moet voldoen om vir hom/haar die lourierkrans van Schumpeteriaanse entrepreneurskap te verwerf? (Sonder om seksisties te wees, gaan ek net van 'n manlike Schumpeteriaanse entrepreneur praat met apologie aan Schumpeter wat 'n groot bewondering vir vroue gehad het.[12]

(i) Schumpeter het die entrepreneur voorgestel as 'n ridderlike veldheer. Hy is so vlugvoetig soos die ratste ryperd. Hy pas hom byna intuitief by veranderende omstandighede aan. Hy het - soos dit 'n ridderlike veldheer betaam - nie 'n enkele bang haar op sy kop nie. Hy is telkens gewillig om die spreekwoordelike bul by die horings te pak en om telkens 'n sprong in die duister te waag. Hy is dus waaghalsig en waagmoedig sonder om roekeloos en onverskillig te wees.

(ii) Die Schumpeteriaanse entrepreneur is vindingryk en op vernuwing ingestel. Hy probeer telkens om sy mededingers - die "vyand" - uit te oorlê met vernuwing en met innovasies op elke moontlike terrein van die "gevegsfront". As synde 'n suksesvolle veldheer, weet die Schumpeteriaanse entrepreneur dat hy nooit - maar nooit - op sy louere mag rus nie. Om seker te maak dat hy nie deur die innovasies van ander entrepreneurs getroef gaan word nie, moet hy nie net eenmaal nie, maar herhaaldelik met 'n nuwe bondel innovasies voorendag kom. Hy moet dus waaksaam wees en waaksaam bly.

(iii) Die Schumpeteriaanse entrepreneur is nooit korttermyn geörienteer nie. Inteendeel. Hy is altyd toekomsgerig. Hy is altyd bekommerd oor sy en sy mense se langtermyn oorlewing. Hy is te alle tye bewus van die verskil tussen normale winste en Schumpeteriaanse winste. Hy weet dat hy die Schumpeteriaanse winste wat hy tydens die opswaai van die konjunktuurgolf (of teen die opswaai van die reënsiklus) verwerf het, weer teen die afswaai kan verloor. Hy verskans hom teen langtermyn ongevalle.

(iv) Die Schumpeteriaanse entrepreneur is 'n maker én 'n breker. Hy is verantwoordelik vir 'n proses van Skeppende Vernietiging. Hy is te alle tye gewillig om dit wat oud, en afgeleef is en dit wat se rol uitgespeel is, af te breek en uit die pad te veeg. Maar hy klou nie krampagtig vas aan die dinge van weleer nie. Hy is nie sentimenteel verknog aan vergange se dinge nie. Hy breek egter nie af ter wille van breek nie. Hy breek af terwyl hy bou. Sy wagwoord is nie Vernietig nie, maar Skeppende Vernietiging!

(v) Die Schumpeteriaanse entrepreneur is 'n individualis *par excellence*. Hy vra niemand se hulp nie - nie sy buurman s'n nie en ook nie die Staat s'n nie. Hy doen sy eie ding. Hy vra niemand se raad nie, maar hy leer uit sy - en ander - se foute. Hy stamp sy kop nie tweemaal teen dieselfde klip nie. Hy hou van kritiek, want dit hou hom fier en flink in die saal. Hy verwag van die owerheid om vir hom die "ruimte" te skep sodat hy sy ding kan doen, maar hy vra nie om gehelp of gepamperlang te word nie. Nee, hy sterf eerder sewe dode op die slagveld voor hy dit doen.

(vi) Die Schumpeteriaanse entrepreneur se lewens- en waarde-oriëntasie is feodaal en aristokraties. Hy laat nie toe dat hy verwen raak aan wat Schumpeter met minagting the *Bourgeois scheme of values* genoem het nie. Hy is die lewensbloed van die kapitalisme, maar hy leef nie soos 'n kapitalis nie. Wanneer hy huistoe kom ná 'n triomftog, wil hy graag hê dat die mooiste adelike vrou vir hom 'n lourierkrans sal omhang, sonder dat sy hom verlei tot die gemak van die "kapitalistiese beskawing" en tot die vermeende satisfaksie van *consumerism*. Die Schumpeteriaanse entrepreneur is ydel, baie ydel, maar hy is nie korrup nie en ook nie korrupteerbaar nie.

Om te verduidelik wat van 'n Schumpeteriaanse entrepreneur in die Landbousektor van die Nuwe Suid-Afrika verwag gaan word, kan ons ook wys op die hoedanighede wat só 'n entrepreneur nie moet hê nie. (Sien Figuur 1)

(i) Hy moet nie loodsware stewels van tradisionalisme dra wat sy beweeglikheid lamlê nie want dan sal hy nie kan tred hou met die vinnig veranderende wêreld wat op hom wag nie.

(ii) Hy moet nie te veel vet rondom sy oorgroeide maag hê wat hy tydens die proses van *embourgeoisment* geakkumuleer het toe hy hom vergryp het aan te veel vleis, te veel bier en te veel rus nie. Só 'n figuur is nie bevorderlik om geboorte te gee aan die nuwe idees en skeppende optrede wat Schumpeteriaanse entrepreneurskap verg nie.

(iii) Hy moet hom nie blind staar teen sy eie korttermynbelange en ook nie brille van *shorttermism* dra nie, want dan kan hy nie die nodige toekomsgerigtheid hê om oor die lengte van die konkjunktuur én die reënsiklusse te beplan én somme te maak nie.

(iv) En wat veral belangrik is, hy moet nie bakhand staan en smeek vir subsidies by die Landbank of sy Minister, terwyl twee blink Mercedes by sy luukse strandhuis op Hermanus wegsteek word nie!

Wat dink u? Bestaan daar 'n skrale kans dat Schumpeteriaanse ridders op witperde in die jaar 2000 oor die vlaktes van hierdie wye en droewe land aangegalop kan kom om die Landbousektor van ondergang te red? Dit is dalk al kans wat die landbou het.

## Verwysings

CALITZ, E. (1986). Aspekte van die vraagstuk van Staatsbestedings-prioriteite met spesiale verwysing na die RSA, ongepubliseerde doktorstesis, Universiteit van Stellenbosch.

LAMBERS, H W. (1981). The Vision, in Heertje (Ed.), Schumpeter's Vision, New York: Praeger.

SCHUMPETER, J A. (1939). Business Cycles, (2 volumes). New York: McGraw-Hill.

SCHUMPETER, J A. (1942). Capitalism, Socialism and Democracy, London: George Allen & Unwin, derde uitgawe, 1950.

SCHUMPETER, J A. (1950). The March into Socialism, in American Economic Association, Papers and Proceedings, Mei.

SCITOVSKY, T. (1980). Can Capitalism Survive? - An Old Question in a New Setting, in American Economic Association, Vol 70, No 2.

CENTRE FOR POLICY STUDIES. (1989). South Africa at the end of the Eighties: Policy Perspectives 1989, Centre for Policy Studies, University of the Witwatersrand.

## Notas

1. Die innoverende optrede van entrepreneurs is verantwoordelik vir 'n "...process of industrial mutation: ... This process of industrial mutation incessantly revolutionizes the economic structure from within, incessantly destroying the old one, incessantly creating the new one. This process of Creative Destruction is the essential facet about capitalism ..."(1950:83).

2. Dit sou verkeerd wees om die *Powershift* wat Suid-Afrika tans ondergaan, te beskou as 'n abnormale verskynsel wat die sware lewenslot van Suid-Afrika alleen is. Soortgelyke *Powershifts* kom gereeld in die geskiedenis van alle lande voor wanneer die magskartel (bestaande uit 'n politieke, ekonomiese en simboliese magselite) sy funksionaliteit verloor en/of gekorrupteer geraak het omdat dieselfde elite hulle mag, rykdom en voorregte reeds te lank monopoliseer en/of misbruik. 'n *Powershift* is meesal baie pynlik en dikwels gewelddadig omdat diegene wat oor mag, rykdom en voorregte beskik, geneig is om daaraan te bly klou, terwyl diegene wat deur die nuwe magsbedeling bevoordeel gaan word, geneig is om oorhaastig na die mag, rykdom en voorregte te gryp. 'n *Powershift* is onvermydelik 'n *Powerstruggle* en gaan met 'n redelike mate van bloedvergieting gepaard. Aangesien die huidige *Powershift* lank deur Apartheid en die Totale Strategie (as onderdeel van die Koue Oorlog) vertraag is, is dit baie pynlik en gaan dit buitengewoon hoë eise aan die (relatief klein) bevoorregte elite stel.

3. Dit is van besondere belang dat diegene wat oor groot rykdom beskik (hoofsaaklik die blankes), sal besef en sal erken dat onregverdige magstrukture tot 'n groot hoogte 'n rol gespeel het om die skerp ongelykheid in die verdeling van rykdom en geleenthede te veroorsaak. Dit staan bo alle twyfel dat rasse kapitalisme en apartheid oor die afgelope 120 jaar daarvoor verantwoordelik was dat anderskleuriges aan onreg, aan ontneming en aan growwe diskriminasie onderworpe was.




**Figuur 1: Hoedanighede wat die Schumpeteriaanse entrepreneur nie moet hê nie**

Dit is belangrik dat alle blankes daarvan oortuig sal word dat die ander kant van dieselfde munt is dat die blankes deur dieselfde strukture bevoordeel en verryk is buite verhouding tot hulle eie verdienste en/of inspanning. 'n Rykdomsbelasting kan - indien dit goed bemark word - 'n strategiese bydrae maak tot die herstel van goeie verhoudings tussen die eertydse statutêre en/of rassegroepe. Die herstel van sodanige goeie verhoudings, is interaard onontbeerlik uit die oogpunt van die Landbousektor soos ons hieronder sal aantoon.

4. Die *Powershift* wat Suid-Afrika tans ondervind, het die Westerse Wêreld van 1914 tot 1945 deurloop toe die oorgang van die Burgerstandbeheerde 19de eeuse wêreld (met Beperkte Demokrasie en *Laissez-faire* Kapitalisme) plek gemaak het vir Verteenwoordigende Demokrasie, die Welsynstaat en Korporatiewe Kapitalisme. Indien Suid-Afrika se *Powershift* van 1974 tot 2005 plaasvind, dan vind dit net mooi 60 jaar na die ooreenstemmende *Powershift* in Westerse lande plaas. Anders gestel, Suid-Afrika is 60 jaar agter die pas van die Westerse wêreld!

5. Wanneer Suid-Afrika met ander Nuwe Europas - soos Kanada, die VSA, Suid Amerikaanse lande, Australië en Nieu-Zeeland - vergelyk word, dan het Suid-Afrika besonder min Europese immigrante gelok. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Een van die belangrikstes redes is dat Suid-Afrika nooit aan voornemende immigrante 'n gunstige bestaan in die landbou kon aanbied nie. 'n Belangrike rede waarom kleinboere van die 16de tot die 19de eeu besluit het om na 'n Nuwe Europa te verhuis, was meesal die vooruitsig dat die boer en sy gesin instaat sou wees om hulle produksie van koring op die vrugbare grond van die Nuwe Europa te verdubbel. So 'n belofte kon nooit aan voornemende immigrante wat oorweeg het om in Suid-Afrika te vestig, gebied word nie. Anders gestel, die relatief klein getal Europese migrante wat hulle in Suid-Afrika gevestig het, het dit om ander oorwegings as landbou-oorwegings gedoen.

6. Soos reeds hierbo aangetoon, sou grondhervorming gefinansier kon word uit die opbrengs van 'n Rykdomsbelasting.

7. Die feit dat Swart arbeid so goedkoop en in sulke groot getalle beskikbaar was, was nie bloot vanweë die relatief groot Swartbevolking nie. 'n Kunsmatige arbeidsmark van Swartarbeid is as't ware statutêr geskep deur die Wet op Grondbesit (1913), die anti-plakkerswet en die pas- en belastingwette.

8. Ter wille van die rekord is dit nodig om te erken dat 'n oordrewe tradisionalisme in die geledere van die Afrikaanssprekende boere 'n belangrike bydrae tot die ontstaan van die Armblanke-vraagstuk gemaak het. Die Carnegie Kommissie het in 1932 tot die gevolgtrekking gekom dat "die ekonomiese agteruitgang veral die gevolg is van onvoldoende aanpassing aan moderne ekonomiese voorwaardes by 'n deel van die blanke bevolking" (Paragraaf 12).

9. Die bevoordeelde posisie wat die Landbou van 1948 tot ± 1978 geniet het, het tog ook belangrike voordele vir die Landbou ingehou. In hierdie tydperk is groot bedrae aan landbouopleiding en -navorsing bestee. Gegewe die relatiewe "armoede" van die landbouhulpbronne, het dit 'n betekenisvolle "verryking" van hierdie bronne bewerkstellig. Die Franzsenkommissie het in 1970 beraam dat 70 persent van alle owerheidsfondse wat destyds op navorsing bestee is, direk en indirek landbougeöriënteer was. Met die voordeel van nawete, kan ons nou sê dat die hoë prioriteit wat landbou-navorsing destyds geniet het, waarskynlik nie geoorloof was nie. Nogtans het dit 'n voordelige langtermyneffek op die landbousektor uitgeoefen.

10. Die nadele van hierdie oordrewe kapitaalintensivering van die ekonomie kan nie maklik oorbeklemtoon word nie. Dit gaan nog vir baie lank 'n lastige blok aan die been van Suid-Afrika se ekonomie bly. Terwyl die arbeidsmag in die jare sestig met 0,8% gestyg het vir elke 1% waarmee die BBP gestyg het, het die arbeidskeppende vermoë so verswak dat dit nou slegs met 0,2% styg vir elke 1% waarmee die BBP styg! Teen hierdie kapitaal-arbeid-verhouding sal die BBP met 15 persent moet styg om 'n 3 persent styging in arbeidsmag (indiensneming) te bewerkstellig.

11. Dit sou verkeerd wees om Schumpeter se entrepreneurs-kapitalisme as 'n voorbeeld van Laissez-faire kapitalisme te bestempel. Hy was weliswaar nie ten gunste van direkte owerheidsinmenging nie, maar het nogtans aan die owerheid die taak opgedra om omstandighede te skep wat gunstig vir entrepreneurskap sal wees.

12. Schumpeter se drie groot ideale in die lewe was om 'n groot ekonoom, 'n groot perderuiter en 'n groot minnaar te wees. Kort voor sy dood het hy gesê dat hy twee van sy drie ideale verwesenlik het. Die feit dat hy aan alle vrouestudente altyd 'n A-simbool gegee het, bied ons geen antwoord op die vraag watter twee ideale hy bereik het nie.